| Plak asseblief staafkode-etiket hier |
|---|

**PUNTE-TOTAAL**

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

# BESIGHEIDSTUDIES

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 ure 300 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 32 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Alle vrae is **VERPLIGTEND**.
3. Lees die vrae noukeurig deur.
4. Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit in aan die einde van die eksamen. Onthou om jou eksamennommer in die ruimte wat op die vraestel voorsien is, te skryf.
5. Demonstreer insig, waar van toepassing, wanneer die vrae beantwoord word. Jy kan na enige vulstasie verwys (insluitend voedselhof en kleinhandelafsetplekke wat met vulstasies geassosieer word) wat jy vanjaar bestudeer het.
6. Jy word aangeraai om besondere aandag aan taalgebruik en die **toekenning van punte** te gee.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
8. TWEE skoon bladsye (bladsy 31 en 32) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy nie meer plek vir 'n vraag het nie, gebruik hierdie bladsye. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie bykomende ruimte gebruik.

**Puntetoekenning**

| V 1 | V 2 | V 3 | V 4 | V 5 | V 6 | V 7 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

IEB Copyright © 2021 

## AFDELING A

## VRAAG 1

Dui die **mees korrekte** antwoord aan deur die letter van die opsie wat jy gekies het, in die ruimte wat voorsien is, te skryf. Daar is slegs een korrekte opsie vir elke vraag.

1.1 'n … bestuurstyl is 'n benadering waar belonings en straf deur die bestuurder gebruik word om werknemers te motiveer om hul take te verrig.

A Demokratiese
B Transformasionele
C Transaksionele
D Situasionele (2)

1.2 Die … beleid van bemarking behels die gedrag, vaardighede en moreel van werknemers en die uitwerking hiervan op die dienservaring van die klant.

A produk
B prys
C mense
D proses (2)

1.3 Wanneer petroljoggies nie meer of minder as die minimum vereistes doen wat deur die reëls van die garage beskryf word nie, is hulle besig met …

A pikettering
B 'n simpatiestaking
C 'n sloerstaking
D 'n werk-volgens-die-boek-staking (2)

1.4 Die opbrengs wat aan 'n belegger betaal word wat fondse in 'n buitelandse spaarrekening belê het, sal … wees.

A rente
B dividende
C depresiasie
D premies (2)

1.5 Kollektiewe bedinging verwys na die …

A onderhandeling tussen die werkgewer en vakbond oor kwessies soos salarisse en werkomstandighede.
B bestuurspan wat raad aan werknemers gee oor hoe om wangedrag te hanteer.
C ontslag van onbevoegde werknemers.
D terugvoering wat aan werknemers oor hul prestasie gegee word. (2)

| 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

1.6 Direkteure toon … wanneer hul toegee dat 'n onetiese sakepraktyk onder hulle toesig plaasgevind het.

A toerekenbaarheid
B eerlikheid
C integriteit
D Al bogenoemde (2)

1.7 Wanneer 'n nuwe petroljoggie 'n mentor kry om hom/haar te help ten einde die besigheidskultuur te verstaan, vorm dit deel van …

A 'n uitvoerbaarheidstudie.
B induksie.
C 'n noukeurige omgewingsondersoek.
D opvolgbeplanning. (2)

1.8 Watter een van die volgende kan as 'n swakheid vir 'n Engen-garage-eienaar beskou word?

A 'n Styging in die petrolprys.
B 'n Daling in personeelmoreel.
C 'n Styging in nasionale inkomste.
D 'n Daling in die aantal garages in Gauteng. (2)

1.9 'n Onetiese praktyk by 'n garagevoorhof kan wees wanneer die besigheid …

A vereis dat 'n potensiële bestuurder 'n mediese ondersoek moet ondergaan voordat 'n werksaanbod gemaak word.
B twee koeldranke vir die prys van een aanbied.
C twee mededingende produkte langs mekaar op die rak pak.
D Al bogenoemde. (2)

1.10 Versekering kan voordelig vir die kontantvloei van 'n besigheid wees omdat …

A die noodsaaklikheid vir die besigheid om kontantreserwes te hou, verminder word aangesien die beginsel van skadeloosstelling toegepas sal word.
B die dupliseringsklousule verliese verhoed wat sakewerksaamhede kan onderbreek.
C sekuriteit die besigheid dek indien dit 'n handelsverlies ly.
D onderskrywing verseker dat die skuld van die eienaars afgeskryf word.
(2)

| 1.6 | 1.7 | 1.8 | 1.9 | 1.10 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

IEB Copyright © 2021 

1.11 'n Voordeel van funksionele konflik in 'n garagevoorhof kan wees dat …

A 'n bewustheid van 'n probleem geskep word wat aandag moet geniet.
B 'n wye verskeidenheid oplossings vir die konflik oorweeg word.
C werknemers die geleentheid het om hul mening te lug ten einde misverstande uit die weg te ruim.
D Al bogenoemde. (2)

1.12 Wanneer 'n Sasol-franchise-eienaar die strategiese rol oorweeg wat werknemers in die sukses van die garage speel, word 'n … probleem-oplossingstegniek gebruik.

A belastingvermyding
B hulpbrongebaseerde analise
C mededingende voordeel
D PESTLE-analise (2)

1.13 Watter van die volgende kan tot 'n krisis lei waaraan die Openbare Betrekkinge-afdeling van 'n vulstasie aandag moet gee?

A 'n Onvanpaste reaksie deur die winkelbestuurder op 'n klant se probleem.
B Veranderings in klantdemografie.
C 'n Styging in die minimumloon wat deur voorhofpersoneel verdien word.
D Al bogenoemde. (2)

1.14 Een moontlike negatiewe implikasie wat die Wet op Gelyke Indiensneming kan hê, is dat …

A die lewenstandaard van die swart middelklas daal.
B ander werknemers dink die aanstelling van die EB-kandidaat is onregverdig.
C minder geld bestee word aan vaardigheidsontwikkeling vir mense van kleur.
D die KSV-bydraes deur voorheen benadeelde persone daal. (2)

1.15 'n Styging in die inflasiekoers sal 'n … uitdaging vir 'n garage-eienaar wees.

A mikro-
B interne
C makro-
D beheerbare (2)

1.16 Die Wet op … probeer verseker dat Suid-Afrika 'n werksmag met die regte kwaliteite het wat tot ekonomiese groei, maatskaplike ontwikkeling en volhoubare werkskepping kan lei.

A Beroepsgesondheid en -veiligheid
B Basiese Diensvoorwaardes
C Vaardigheidsontwikkeling
D Vergoeding vir Beserings en Siektes (2)

| 1.11 | 1.12 | 1.13 | 1.14 | 1.15 | 1.16 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

IEB Copyright © 2021

1.17 'n Garage-eienaar het … wanneer hy/sy kan bewys dat hy/sy regtens kontrakte kan sluit.

A volhoubaarheid
B 'n opbrengs op hul belegging
C markdominansie
D handelsbevoegdheid (2)

1.18 'n Besigheid wat finansieel sukkel, gebruik 'n …-strategie wanneer dit bates verkoop om skuld af te betaal.

A nis
B likwidasie
C integrasie
D differensiasie (2)

1.19 Die … is 'n maatstaf wat maatskappye gebruik om te wys hulle tree op 'n maatskaplik, ekonomies en omgewingsverantwoordelike manier op.

A vuurproefverhouding
B markkaart
C FTSE / JSE Verantwoordelike Beleggingsindeks
D balanstelkaart (2)

1.20 Vul die ontbrekende inligting in vir elk van die volgende stellings:

- ______1_______ kom voor wanneer die menskapitaalbestuurder deel van die werwing- en keurpaneel is en versuim om bekend te maak dat een van die aansoekers 'n familielid is.
- Wanneer 'n direkteur aandele op die JSE verhandel, gebaseer op kennis wat vertroulik is, is die direkteur skuldig aan ________2_________.
- Wanneer die diens van 'n werknemer beëindig word omdat die besigheid dit nie meer kan bekostig om die werker in diens te neem nie, staan dit bekend as _________3________.

**Kies die regte kombinasie:**

| | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|
| A | Belastingvrystelling | integriteit | konstruktiewe ontslag |
| B | Kapitaalwinsbelasting | hefboomfinansiering | bedinging |
| C | Botsing van belange | binnehandel | aflegging |
| D | Onetiese gedrag | patentering | klandisiewaardebetaling |

(3)

| 1.17 | 1.18 | 1.19 | 1.20 |
|---|---|---|---|
| | | | |

1.21 Watter een van die volgende is die beste opeenvolging van aktiwiteite in die menskapitaalafdeling van Engen?

A Mannekragbeplanning; werwing; keuring; plasing; induksie; prestasiebeoordeling.
B Werwing; prestasiebeoordeling; keuring; induksie; mannekrag-beplanning; plasing
C Mannekragbeplanning; plasing; keuring; werwing; prestasiebeoordeling; induksie
D Induksie; keuring; prestasiebeoordeling; mannekragbeplanning; werwing; plasing (3)

1.22 Watter van die volgende stellings is WAAR?

(i) Indien verbruikers sensitief vir prysveranderings is, is dit verkieslik om minder tussengangers in die distribusiekanaal te gebruik.
(ii) Die promosiebeleid van bemarking oorweeg die bedryfsprosedures wat gebruik word om die dienservaring aangenaam te maak.
(iii) Die Advertensiereguleringsraad reguleer begrotingsbesluite in reklame.
(iv) Verkoopspromosies maak deel uit van openbare betrekkinge.

**Kies die regte kombinasie:**
A (ii) en (iii)
B (i) en (iv)
C (i), (iii) en (iv)
D (i) (3)

1.23 Die bedryfsverhouding meet

A Totale bates : Totale laste
B (Bedryfsbates – Voorraad) : Krediteure
C (Bank + Debiteure + Voorraad) : Bedryfslaste
D Bedryfsbates : Langtermynlaste (3)

| 1.21 | 1.22 | 1.23 |
|---|---|---|
| | | |

**[50]**

IEB Copyright © 2021

**VRAAG 2**

Kies die term in onderstaande tabel wat elk van die stellings wat volg, korrek voltooi.

Skryf jou keuse neer in die ruimte wat in elke stelling voorsien word.
**Let wel: Daar is slegs een korrekte antwoord vir elke stelling.**

| | | |
|---|---|---|
| **volhoubaar** | **mark** | **kulturele diversiteit** |
| **handelsmerk** | **subrogasie** | **aanspreeklikheidsversekering** |
| **gediversifiseerde** | **prysvasstelling** | **rekking** |
| **fluitjieblaas** | **arbeidsverhoudinge** | **belastingvermyding** |
| **uitsluiting** | **verlenging** | **omkopery** |
| **getrouheidsversekering** | **sakepraktyk** | **markpenetrasie** |

2.1 ____________________________ vind plaas wanneer mededingers ooreenkom om kopers 'n voorafbepaalde prys te laat betaal.

2.2 Wanneer iemand 'n beloning aangebied word om vir 'n derde party 'n onregverdige voordeel te gee waarop hy/sy nie geregtig is nie, is dit 'n ____________________________.

2.3 ____________________________ vind plaas wanneer 'n werknemer onetiese gedrag van sy/haar bestuurder bekend maak.

2.4 Die konsep van goeie ____________________________ verwys na die besigheid wat maatreëls implementeer om doelwitte te bereik terwyl op 'n toerekenbare en etiese wyse opgetree word.

2.5 ____________________________ word uitgeneem om die besigheid teen verliese te beskerm wat kan plaasvind wanneer 'n finansiële bestuurder die besigheid bedrieg.

2.6 ____________________________ word gedemonstreer wanneer 'n organisasie mense met verskillende etniese agtergronde in diens neem.

2.7 Wanneer Sasol Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheidsprogramme ____________________________ is, beteken dit dat hulle in afsienbare toekoms sonder finansiële hulp van Sasol kan voortgaan.

2.8 Semibeheerbare uitdagings ontstaan in die ____________________________ omgewing.

2.9 Om 'n ____________________________ beleggingsportefeulje te hê, beteken dat Engen beleggings in meer as een bateklas het.

2.10 'n ____________________________ is 'n unieke naam, logo of ontwerp wat 'n produk van sy mededingers onderskei.

2.11 Handelsnaam-____________________________ verwys na 'n situasie waar 'n bestaande handelsnaam as 'n platform gebruik word om 'm produk in 'n onverwante mark bekend te stel.

2.12 Gedurende 'n ____________________________ verhoed 'n werkgewer dat werknemers die werkplek betree wanneer die werknemers aan 'n staking deelneem.

**[24]**

IEB Copyright © 2021 

## VRAAG 3

Kies die term in hakies wat die stelling WAAR maak. **Onderstreep jou antwoord**.

3.1 (**Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siekte/ Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid**) verskaf vergoeding vir ongeskiktheid wat deur beserings of siekte veroorsaak is wat werknemers in die loop van hulle werk opgedoen het.

3.2 Besigheidsversekering word beskou as (**nieverpligte / verpligte**) versekering vir vulstasies en hul voedselhowe.

3.3 Indien 'n vulstasie-eienaar van die versekeringsmaatskappy eis vir 'n verlies wat gely is, sal die versekeringsmaatskappy seker maak dat die verlies 'n regstreekse gevolg van die gebeurtenis is wat verseker is. Hierna word verwys as die (**onmiddellike oorsaak / bybetalingsklousule**).

3.4 'n (**Intrapreneur / Entrepreneur**) gebruik inisiatief om nuwe idees te skep en dit in winsgewende produkte of dienste vir sy/haar werkgewer te omskep.

3.5 'n (**Leier / Bestuurder**) word in 'n gesagsposisie aangestel en kan daarom opdragte aan ondergeskiktes gee.

3.6 Die (**aweryklousule / sessie**) stipuleer dat die versekerde nie ten volle vergoed sal word vir 'n verlies nie indien die bates vir minder as hulle volle vervangingswaarde verseker is.

3.7 'n Pos- (**beskrywing / spesifikasie**) beskryf die pligte van 'n petroljoggie en die mate van toesig wat van toepassing sal wees terwyl die werk verrig word.

3.8 Wanneer 'n derde party 'n aanbeveling doen oor hoe sy/hy dink 'n arbeidsgeskil besleg behoort te word, maar dit is nie volgens die wet bindend nie, het die party van (**versoening / bemiddeling**) gebruik gemaak.

3.9 (**Normstelling / Differensiasie**) is wanneer 'n besigheid sy huidige prestasie meet volgens die standaard van die beste praktyk in die bedryf.

3.10 Die tydsduur wat 'n produk se verkope beskryf vanaf die tydstip toe dit in die mark bekendgestel is totdat wanneer dit van die mark onttrek word, word die produk se (**lewensiklus / segmentering**) genoem.

3.11 (**Delegering / Kommunikasie**) is die proses waar die bestuurder take aan ondergeskiktes sal toeken om sinvoller en regverdiger verdeling van verantwoordelikhede te verseker.

3.12 Die (**Wet op Arbeidsverhoudinge / Grondwet**) is die hoogste wet van Suid-Afrika.

3.13 Die bedreiging van nuwe toetreders tot die mark is 'n uitdaging van die (**interne / eksterne**) omgewing.

**[26]**

**100 punte**

IEB Copyright © 2021

## AFDELING B

**Gebruik die puntetoekenning as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoorde.**

## VRAAG 4

Beantwoord die vrae in elk van die volgende skematiese diagramme.

**4.1 Die bemarkingsafdeling van 'n garage**

4.1.1 Lys enige VIER elemente wat by die produkbeleid van 'n garage soos Sasol ingesluit kan word.

- ____________________
- ____________________
- ____________________
- ____________________

(4)

4.1.2 Bespreek hoe innovasie uiters noodsaaklik is om handelsnaamwaarde by 'n vulstasie en sy voorhof te skep.

____________________

____________________

____________________

____________________

____________________

____________________

(4)

4.1.3 Beskryf hoe Sasol of 'n mededinger hul prysbeleid kan gebruik om 'n mededingende voordeel te skep of handhaaf. Gebruik minstens een voorbeeld om jou argument te ondersteun.

____________________

____________________

____________________

____________________

____________________

____________________

(4)

## 4.2 Etiek en professionaliteit by 'n Engen-garage

4.2.1 Evalueer die belangrikheid daarvan vir 'n garage soos Engen om 'n etiese kode te hê.

(5)

4.2.2 Onetiese gedrag deur werknemers

(a) Gee 'n voorbeeld van onetiese gedrag deur 'n Engen-werknemer.

(1)

(b) Stel TWEE verskillende maniere voor en verduidelik hoe Engen se bestuur die onetiese gedrag wat in vraag 4.2.2 (a) genoem is, kan hanteer.

- 
- 

(4)

IEB Copyright © 2021

4.3 **Gehalte van prestasie by Caltex se Hoofkantoor**

| Bespreek hoe die Hoofkantoor van Caltex Suid-Afrika die gehalte van prestasie in die volgende afdelings kan verbeter: | |
|---|---|
| 4.3.1 Menslikehulpbron-/ Menskapitaal-afdeling | (6) |
| 4.3.2 Aankope-afdeling | (6) |

## 4.4 Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (BGSEB) (No. 53 van 2003)

4.4.1 Wat is die doel van die BGSEB-wet?

(2)

4.4.2 Lys en beskryf DRIE pilare van die BGSEB-wet. Gebruik voorbeelde om jou beskrywings te ondersteun.

- 
- 
- 

(9)

4.5 Evalueer franchising uit die franchisenemer ('franchisee') se oogpunt.

(5)

**[50]**

## VRAAG 5

5.1 **Die menslikehulpbron-/menskapitaalfunksie by Engen**

5.1.1 Lys DRIE onderwerpe wat Engen se menslikehulpbronbestuurder by hul induksieprogram kan insluit.

(3)

5.1.2 Bespreek moontlike redes hoekom Engen van eksterne werwing sal gebruik maak.

(3)

5.1.3 Bespreek moontlike gevolge van 'n hoë personeelomset vir Engen.

(4)

5.1.4 Evalueer die belangrikheid van mannekragbeplanning vir Engen.

(5)

IEB Copyright © 2021

5.2 **Korporatiewe sosiale verantwoordelikheid en korporatiewe beheer**

5.2.1 Wat is die belangrikheid van die Globale Rapporteringsinisiatief?

(3)

5.2.2 Bespreek hoe Engen integriteit as 'n korporatiewe beheerbeginsel kan gebruik om seker te maak hy word in 'n gunstige lig deur potensiële beleggers gesien.

(3)

IEB Copyright © 2021

5.2.3 Beskryf die verantwoordelikhede van direkteure in 'n petroleummaatskappy soos Engen of een van sy mededingers. Gebruik 'n voorbeeld/voorbeelde om jou beskrywing te ondersteun.

(6)

5.3 **Versekering**

Evalueer hoekom die Padongelukfonds belangrik is uit 'n werknemer en/of besigheid (soos 'n garage) se oogpunt.

(5)

IEB Copyright © 2021

## 5.4 Arbeidsbetrekkinge by Engen (of 'n ander mededinger wat jy bestudeer het)

5.4.1 Veronderstel Engen wil 'n vulstasie- of voorhofwerknemer vir wangedrag ontslaan. Ontleed die prosedure wat Engen moet volg om te verseker dat die ontslag prosedureel regverdig is.

(10)

5.4.2 In sommige gevalle kan dit in die beste belang van werknemers wees om te staak. Bespreek die geldigheid van hierdie stelling. Jy kan voorbeelde gebruik om jou antwoord te ondersteun.

(4)

5.4.3 Beskryf die impak wat 'n vakbond op die onderhandelingsproses tussen werkgewers en werknemers by Engen kan hê.

(4)
**[50]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 6

Ons het die behoefte geïdentifiseer om 'n netwerk van brandstofkleinhandelaars te begin waar innoverende beleggers wat by 'n bestaande handelsnaam betrokke wil raak, al die voordele van 'n franchisingmodel kan kry.



[Aangepas uit: <https://TopUp servicestations.co.za> Feb. 2020 afgelaai]

6.1 TopUp se diensstasies sal moontlik groot bedrae kapitaal belê soos wat hulle hul werksaamhede oor die hele Suid-Afrika uitbrei. Verduidelik hoe TopUp-diensstasies die volgende drie beleggingskriteria moet gebruik wanneer die volgende beleggingsopsies oorweeg word.

6.1.1 **Vaste deposito**

- Risiko:

- Opbrengs op belegging:

- Tydraamwerk:

(6)

6.1.2 **Ekwiteite:**

- Risiko:

- Opbrengs op belegging:

- Tydraamwerk:

(6)

6.2 6.2.1 Bespreek die moontlike uitkomste van disfunksionele konflik by 'n TopUp-diensstasie.

(5)

IEB Copyright © 2021

6.2.2 Beskryf TWEE moontlike oorsake van konflik by 'n TopUp-diensstasie. Stel voor hoe die bestuur elke konfliksituasie kan hanteer. Verskaf 'n verskillende voorstel vir elke konfliksituasie.

Moontlike oorsaak van konflik:

Stel voor hoe om die konfliksituasie te bestuur:

(5)

Moontlike oorsaak van konflik:

Stel voor hoe om die konfliksituasie te bestuur:

(5)

IEB Copyright © 2021

6.3 Petroljoggies en werknemers van TopUp-diensstasies moet hul regte ken ten opsigte van de Wet op Basiese Diensvoorwaardes (No. 75 van 1997).

Verduidelik aan TopUp-werknemers die doel en implikasies van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV).

(10)

IEB Copyright © 2021

6.4 6.4.1 Benewens 'n fokus op ons planeet (omgewing), verduidelik aan die bestuur van TopUp-diensstasies wat dit beteken om die ander elemente van driedubbele verslagdoening te volg. Jy kan voorbeelde gebruik om jou verduideliking te ondersteun.

(4)

6.4.2 Stel maniere voor waarop TopUp-diensstasies meer omgewingsvolhoubaar kan wees.

(4)

IEB Copyright © 2021

6.5 Lees die volgende aanhaling en beantwoord dan die vraag wat volg:




[Afgelaai van <https://www.azquotes-com/quote/681321> Februarie 2020]

Verwys na die stelling hierbo en bespreek die belangrikheid van kreatiewe probleemoplossing en kritiese denke in 'n besigheid soos 'n vulstasie.

(5)

**[50]**

**150 punte**

## AFDELING C

**Die volgende aspekte sal oorweeg word wanneer punte in hierdie afdeling toegeken word:**

- Formaat:
  - Die **KORREKTE** formaat moet gebruik word, d.i. sakeverslag.
  - Waar van toepassing, sluit 'n inleiding en gevolgtrekking in.
  - Gebruik opskrifte en onderopskrifte waar van pas.
- Terminologie: korrekte besigheidsterminologie moet gebruik word.
- Inhoud: moet voldoende wees om alle aspekte van die vraag te dek.
- Stawing: Motivering van stellings wat gemaak word.
- Toepassing op gevallestudie / inhoud.
- Kreatiewe probleemoplossing eerder as om bloot net feite te gee.
- Sintese en geskikte opeenvolging.

## VRAAG 7

**Bestudeer die volgende bronne voordat die vraag wat volg, beantwoord word:**

### BRON A


**Tendense wat die plaaslike brandstofkleinhandelsektor vorm.**

**Met meer as 4 600 brandstofvoorhowe wat tans funksioneer en meer wat in die toekoms verwag word, is hierdie bedryf besig om vinnig te groei as 'n sleuteldrywer van inkomste vir vulstasies in Suid-Afrika.**

Die sukses en winsgewendheid van brandstofvoorhowe lê in hul vermoë om die ewigveranderende behoeftes van verbruikers te verstaan en te vervul terwyl hulle enige tyd van die dag uitsonderlike diens verskaf. Selfs in die moeilikste ekonomiese omstandighede was hierdie sakemodel suksesvol vir diensstasies.

[Bron aangepas uit: <https://www.supermarket.co.za/news-article.asp?ID=5971&CatTags=129/08/2019>]


### BRON B




[Bron: <https://www.cartoonstock.com/directory/p/petrol_pumps.asp 29/8/2019>]
pumps.asp 29/8/2019>]

## BRON C

**Inligtingsgrafika van die aantal stoppe van voertuie van verskillende groottes.**
**Meer as net 'n plek om vol te maak:**




**Gemiddelde SA motoris stop by 'n diensstasie ongeveer nege keer per maand; 220 km tussen stoppe**

[Bron: <https://www.wheels24.co.za/Fuel_Focus/see-more-than-just-a-place-to-fill-up-average-sa-motorist-stops-at-a-service-station-about-9-times-month-220km-between-stops-20190815> 26/8/2019]

**Vulstasies (voedselvoorhofwinkels)** kom te staan voor 'n aantal vinnige veranderings in die sake-omgewing. Dit vereis dat bestuurders op alle vlakke van die besigheid vaardig optree om die besigheid deur positiewe en negatiewe ontwikkeling te lei om sodoende te verseker dat die besigheid doeltreffend aan die eise van sy belanghebbendes voldoen.

**Vereis:**

Jy is gevra om 'n sakeverslag te skryf waar jy die volgende insluit:

- Identifiseer moontlike tendense (positief en negatief) en krisisse wat 'n bestuurder (franchisegewer en/of franchisenemer) van 'n vulstasie met 'n voedsel- en voorhof sal moet hanteer.
- Verduidelik hoe 'n bestuurder van die verskillende bestuursbevoegdhede gebruik kan maak om die kwessies wat geïdentifiseer is, vaardig te hanteer.

**50 punte**

**Totaal: 300 punte**

IEB Copyright © 2021

**BYKOMENDE RUIMTE OM VRAE TE BEANTWOORD. ONTHOU OM DUIDELIK DIE VRAAG AAN TE DUI WAARVOOR JY DIE BYKOMENDE RUIMTE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE VRAE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2021

IEB Copyright © 2021